**61.** Section 191 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a taxpayer has an outstanding tax debt, an amount that is refundable under section 190, including interest thereon under section 188(3)*(a)*, must be treated as a payment by the taxpayer that is recorded in the taxpayer's account under section 165, to the extent of the amount outstanding, and any remaining amount must be **[setoff]** set off against any outstanding debt under **[the Customs and Excise Act]** customs and excise legislation.".

**Amendment of section 212 of Act 28 of 2011**

**62.** Section 212 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A person referred to in paragraph *(a)* or *(b)* of the definition of 'participant' who fails to disclose the information in respect of a 'reportable arrangement' as required by section 37 is liable to a 'penalty', for each month that the failure continues (up to 12 months), in the amount of—"; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(3) A person referred to in paragraph *(c)* of the definition of 'participant' who fails to disclose the information in respect of a 'reportable arrangement' as required by section 37 is liable to a 'penalty' in the amount of R50 000.".

**Amendment of section 213 of Act 28 of 2011**

**63.** (1) Section 213 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If SARS is satisfied that an amount of tax was not paid as and when required under a tax Act, SARS must, in addition to any other 'penalty' or interest for which a person may be liable **[under this Chapter]**, impose a 'penalty' equal to the percentage of the amount of unpaid tax as prescribed in the tax Act.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 October 2012.

**Amendment of section 225 of Act 28 of 2011**

**64.** Section 225 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for the definition of "default" of the following definition:

"**'default'** means the submission of inaccurate or incomplete information to SARS, or the failure to submit information or the adoption of a 'tax position', where such submission, non-submission, or adoption resulted in an understatement**[—**

***(a)*** **the taxpayer not being assessed for the correct amount of tax;**

***(b)*** **the correct amount of tax not being paid by the taxpayer; or**

***(c)*** **an incorrect refund being made by SARS]**.".

**Wysiging van artikel 191 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 72 van Wet 39 van 2013**

**61.** Artikel 191 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien 'n belastingpligtige 'n uitstaande belastingskuld het, moet 'n bedrag wat kragtens artikel 190 terugbetaalbaar is, ingesluit rente daarop kragtens artikel 188(3)*(a)*, beskou word as 'n betaling deur die belastingpligtige wat in die belastingpligtige se rekening aangeteken word kragtens artikel 165 tot soveel as die uitstaande bedrag, en enige oorblywende bedrag moet verreken word teen enige uitstaande skuld kragtens **[die Doeane- en Aksynswet]** doeane- en aksynswetgewing.".

**Wysiging van artikel 212 van Wet 28 van 2011**

**62.** Artikel 212 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n **['Deelnemer']** Persoon bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* van die omskrywing van 'deelnemer' wat versuim om die inligting ten opsigte van 'n 'rapporteerbare reëling', soos ingevolge artikel 37 vereis, te openbaar, is aanspreeklik vir 'n 'boete', vir elke maand wat die versuim voortduur (tot en met 12 maande), ten bedrae van—"; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) 'n Persoon bedoel in paragraaf *(c)* van die omskrywing van 'deelnemer' wat versuim om die inligting ten opsigte van 'n 'rapporteerbare reëling', soos ingevolge artikel 37 vereis, te openbaar, is aanspreeklik vir 'n 'boete' ten bedrae van R50 000.".

**Wysiging van artikel 213 van Wet 28 van 2011**

**63.** (1) Artikel 213 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien SAID oortuig is dat 'n bedrag belasting nie betaal is soos en wanneer kragtens 'n Belastingwet vereis nie, moet SAID, bykomend tot enige ander 'boete' of rente waarvoor 'n persoon **[kragtens hierdie Hoofstuk]** aanspreeklik is, 'n 'boete' oplê gelyk aan die persentasie van die bedrag onbetaalde belasting soos in die Belastingwet voorgeskryf.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Oktober 2012 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 225 van Wet 28 van 2011**

**64.** Artikel 225 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 word hierby gewysig deur die omskrywing van "nienakoming" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'nienakoming'** die verskaffing van foutiewe of onvolledige inligting aan SAID, of die versuim om inligting te verskaf of die aanvaarding van 'n 'belastingposisie', waar sodanige verskaffing, versuim om te verskaf of aanvaarding van 'n 'belastingposisie' 'n onderstelling tot gevolg gehad het **[dat—**

***(a)* die belastingpligtige nie vir die korrekte bedrag belasting aangeslaan is nie;**

***(b)* die korrekte bedrag belasting nie deur die belastingpligtige betaal is nie; of**

***(c)* 'n foutiewe terugbetaling deur SAID gemaak is]**.".

**Amendment of section 226 of Act 28 of 2011**

**65.** Section 226 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for the heading and subsections (1) and (2) of the following heading and subsections:

"**[Qualifying person for voluntary disclosure] Qualification of person subject to audit or investigation for voluntary disclosure**

**226.** (1) A person may apply, whether in a personal, representative, withholding or other capacity, for voluntary disclosure relief, unless that person is aware of—

*(a)* a pending audit or investigation into the affairs of the person seeking relief, which is related to the 'default' the person seeks to disclose; or
*(b)* an audit or investigation that has commenced, but has not yet been concluded, which is related to the 'default' the person seeks to disclose.

(2) A senior SARS official may direct that a person may apply for voluntary disclosure relief, despite the provisions of subsection (1), where the official is of the view, having regard to the circumstances and ambit of the audit or investigation, that—

*(a)* **[the 'default' in respect of which the person wishes to apply for voluntary disclosure relief would not otherwise have been detected during the audit or investigation]** the audit or investigation is related to the 'default' the person seeks to disclose; **[and]**
*(b)* **[the application would be in the interest of good management of the tax system and the best use of SARS' resources]** the 'default' in respect of which the person wishes to apply for voluntary disclosure relief would not otherwise have been detected during the audit or investigation; and
*(c)* the application would be in the interest of good management of the tax system and the best use of SARS' resources.".

**Amendment of section 227 of Act 28 of 2011**

**66.** Section 227 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for paragraphs *(b)* and *(d)* of the following paragraphs:

"*(b)* involve a 'default' which has not **[previously been disclosed]** occurred within five years of the disclosure of a similar 'default' by the applicant or a person referred to in section 226(3);
*(d)* involve **[the potential imposition of an]** a behaviour referred to in column 2 of the understatement penalty **[in respect of the 'default']** percentage table in section 223;".

**Amendment of section 229 of Act 28 of 2011, as amended by section 75 of Act 21 of 2012**

**67.** Section 229 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Despite the provisions of a tax Act, SARS must, pursuant to the making of a valid voluntary disclosure by the applicant and the **[conclusions]** conclusion of the voluntary disclosure agreement under section 230—"; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* grant 100 per cent relief in respect of an administrative non-compliance penalty that was or may be imposed under Chapter 15 or a penalty imposed under a tax Act, excluding a penalty imposed under that Chapter or in terms of a tax Act for the late submission of a return **[or a late payment of tax]**.".

**Wysiging van artikel 226 van Wet 28 van 2011**

**65.** Artikel 226 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur die opskrif en subartikels (1) en (2) deur die volgende opskrif en subartikels te vervang:

"**[Kwalifiserende] Kwalifisering van persoon onderhewig aan oudit of ondersoek vir vrywillige blootlegging**

**226.** (1) 'n Persoon kan in 'n persoonlike, verteenwoordigende, terughoudings- of ander hoedanigheid om vrywillige blootleggingsverligting aansoek doen, tensy daardie persoon bewus is van—

*(a)* 'n hangende oudit of ondersoek na die sake van die persoon wat verligting verlang, wat verband hou met die 'nienakoming' wat die persoon verlang om bloot te lê; of

*(b)* 'n oudit of ondersoek wat begin het, maar nog nie afgehandel is nie, wat verband hou met die 'nienakoming' wat die persoon verlang om bloot te lê.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n senior SAID-amptenaar bepaal dat 'n persoon kan aansoek doen vir vrywillige blootleggingsverligting, indien die amptenaar, met inagneming van die omstandighede en omvang van die oudit of ondersoek, van mening is dat—

*(a)* **[die 'nienakoming' ten opsigte waarvan die persoon om vrywillige blootleggingsverligting aansoek wil doen, nie andersins gedurende die oudit of ondersoek ontdek sou word nie]** die oudit of ondersoek verband hou met die 'nienakoming' wat die persoon verlang om bloot te lê; **[en]**

*(b)* **[die aansoek in die belang van die goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees]** die 'nienakoming' ten opsigte waarvan die persoon om vrywillige blootleggingsverligting wil aansoek doen, nie andersins gedurende die oudit of ondersoek ontdek sou word nie; en

*(c)* die aansoek in die belang van die goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees.".

**Wysiging van artikel 227 van Wet 28 van 2011**

**66.** Artikel 227 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur paragrawe *(b)* en *(d)* deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* 'n 'nienakoming' moet behels wat nie **[voorheen openbaar gemaak is]** voorgekom het binne vyf jaar van die blootlegging van 'n soortgelyke 'nienakoming' deur die aansoeker of 'n persoon bedoel in artikel 226(3) nie;

*(d)* **[die moontlike oplegging]** 'n gedrag bedoel in kolom 2 van **['n]** die onderstellingsboete persentasietabel in artikel 223 **[met betrekking tot die 'nienakoming']** moet behels;".

**Wysiging van artikel 229 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 75 van Wet 21 van 2012**

**67.** Artikel 229 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

*(a)* deur in die Engelse teks die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Despite the provisions of a tax Act, SARS must, pursuant to the making of a valid voluntary disclosure by the applicant and the **[conclusions]** conclusion of the voluntary disclosure agreement under section 230—"; en

*(b)* deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* 100 persent verligting ten opsigte van 'n administratiewe nienakomingsboete wat opgelê is of wat opgelê kan word kragtens Hoofstuk 15 of 'n boete opgelê kragtens 'n Belastingwet, uitgesluit 'n boete opgelê ingevolge daardie Hoofstuk of ingevolge 'n Belastingwet vir die laat indiening van 'n opgawe **[of 'n laat betaling van belasting]**.".

**Amendment of section 235 of Act 28 of 2011, as amended by section 78 of Act 21 of 2012, section 80 of Act 39 of 2013 and section 59 of Act 44 of 2014**

**68.** Section 235 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who makes a statement in the manner referred to in subsection (1) **[must]** may, unless the person proves that there is a reasonable possibility that he or she was ignorant of the falsity of the statement and that the ignorance was not due to negligence on his or her part, be regarded as **[guilty of the offence referred to subsection (1)]** being aware of the falsity of the statement.".

**Amendment of section 236 of Act 28 of 2011**

**69.** Section 236 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby substituted by the following section:

"**Criminal offences relating to secrecy provisions**

**236.** A person who contravenes the provisions of section 67(2) **[or]**, (3) or (4), 68(2), 69(1) or (6) or 70(5) is guilty of an offence and, upon conviction, is subject to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.".

**Amendment of section 251 of Act 28 of 2011**

**70.** (1) Section 251 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* sent to the person's last known electronic address, which includes—
- (i) the person's last known email address; **[or]**
- (ii) the person's last known telefax number; or
- (iii) the person's electronic address as defined in the rules issued under section 255(1).".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 25 August 2014.

**Amendment of section 252 of Act 28 of 2011, as amended by section 87 of Act 21 of 2012**

**71.** (1) Section 252 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* sent to the company or its public officer's last known electronic address, which includes the—
- (i) last known email address; **[or]**
- (ii) last known telefax number; or
- (iii) electronic address as defined in the rules issued under section 255(1).".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 25 August 2014.

**Amendment of section 256 of Act 28 of 2011, as substituted by section 64 of Act 44 of 2014**

**72.** Section 256 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Despite the provisions of Chapter 6, SARS may confirm the taxpayer's tax compliance status as at the date of **[a]** the request, or a previous date as prescribed by the Minister in a regulation under section 257(2A), by—".

**Wysiging van artikel 235 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 78 van Wet 21 van 2012, artikel 80 van Wet 39 van 2013 en artikel 59 van Wet 44 van 2014**

**68.** Artikel 235 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Enige persoon wat 'n verklaring maak op die wyse bedoel in subartikel (1) **[moet]** mag, tensy die persoon bewys dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat hy of sy nie geweet het van die valsheid van die verklaring nie en dat die onwetendheid nie aan nalatigheid aan sy of haar kant toegeskryf kan word nie, beskou word **[skuldig te wees aan die misdryf bedoel in subartikel (1)]** bewus van die valsheid van die verklaring te wees.".

**Wysiging van artikel 236 van Wet 28 van 2011**

**69.** Artikel 236 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Strafregtelike misdrywe betreffende geheimhoudingsbepalings**

**236.** 'n Persoon wat die bepalings van artikel 67(2) **[of]**, (3) of (4), 68(2), 69(1) of (6) of 70(5) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.".

**Wysiging van artikel 251 van Wet 28 van 2011**

**70.** (1) Artikel 251 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* na die persoon se laaste bekende elektroniese adres versend, wat insluit—

(i) die persoon se laaste bekende e-posadres; **[of]**
(ii) die persoon se laaste bekende telefaksnommer; of
(iii) die persoon se elektroniese adres soos omskryf in die reëls uitgevaardig kragtens artikel 255(1).".

(2) Subartikel (1) word geag op 25 Augustus 2014 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 252 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 87 van Wet 21 van 2012**

**71.** (1) Artikel 252 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* aan die maatskappy of openbare amptenaar se laaste bekende elektroniese adres versend is, wat insluit die—

(i) laaste bekende e-posadres; **[of]**
(ii) laaste bekende telefaksnommer; of
(iii) elektroniese adres soos omskryf in die reëls uitgevaardig kragtens artikel 255(1).".

(2) Subartikel (1) word geag op 25 Augustus 2014 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 256 van Wet 28 van 2011, soos vervang deur artikel 64 van Wet 44 van 2014**

**72.** Artikel 256 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Ondanks die bepalings van Hoofstuk 6 kan SAID die belastingpligtige se belastingnakomingstatus bevestig soos op die datum van **['n]** die versoek, of 'n vorige datum soos voorgeskryf deur die Minister in 'n regulasie gemaak kragtens artikel 257(2A), deur—".

**Amendment of section 257 of Act 28 of 2011, as amended by section 90 of Act 21 of 2012**

**73.** Section 257 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (2A) of the following subsection:

"(2A) For purposes of **[the issue of a tax clearance certificate]** a confirmation of tax compliance status of a taxpayer under section 256, the Minister may make regulations regarding—

*(a)* the circumstances when a **[tax clearance certificate]** confirmation or an update of or a change in the tax compliance status of a taxpayer may be required from a person or **[be issued by]** SARS;

*(b)* the period of validity of a **[tax clearance certificate]** confirmation of tax compliance status of a taxpayer; or

*(c)* any procedure to further regulate the issue or withdrawal of a **[tax clearance certificate]** confirmation of tax compliance status of a taxpayer.".

**Amendment of section 270 of Act 28 of 2011, as amended by section 86 of Act 39 of 2013 and section 65 of Act 44 of 2014**

**74.** (1) Section 270 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the insertion after subsection (6D) of the following subsections:

"(6E) Until the date on which the whole of Chapter 12 and of Schedule 1 to this Act come into operation—

*(a)* the accrual and payment of interest on an understatement penalty imposed under section 222 must be calculated in the manner that interest upon additional tax is calculated in terms of the interest provisions of the relevant tax Act; and

*(b)* the effective date referred to in section 187(3)*(f)* for tax understated before 1 October 2012 must be regarded as the commencement date of this Act.

(6F) From the date on which the whole of Chapter 12 and of Schedule 1 to this Act come into operation, the accrual and payment of interest on an understatement penalty imposed under section 222 must be calculated in the manner prescribed by Chapter 12 in respect of an understatement penalty imposed after such date.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 October 2012.

**Amendment of section 1 of Act 30 of 2014, as amended by section 69 of Act 44 of 2014**

**75.** Section 1 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "origin determination" of the following definition:

"**'origin determination'**, in relation to goods, means a determination of the origin of goods by the customs authority in terms of section **[154(1)]** 153(1);"; and

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "origin re-determination" of the following definition:

"**'origin re-determination'**, in relation to goods, means a re-determination of the origin of goods by the customs authority in terms of section **[157]** 154(1)*(a)* or *(b)*;".

**Amendment of section 24 of Act 30 of 2014**

**76.** Section 24 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* may be granted only on application by—

(i) a specific person, as may be prescribed by rule, liable for the payment of duty on those goods; **[or]**

(ii) the customs broker acting on behalf of that person; or

**Wysiging van artikel 257 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 90 van Wet 21 van 2012**

**73.** Artikel 257 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (2A) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2A) Vir doeleindes van **[die uitreik van 'n belastingklaringsertifikaat]** 'n bevestiging van belastingnakomingstatus van 'n belastingpligtige kragtens artikel 256, kan die Minister regulasies maak aangaande—

*(a)* die omstandighede wanneer 'n **[belastingklaringsertifikaat]** bevestiging of 'n opdatering van of 'n verandering in die belastingnakomingstatus van 'n belastingpligtige van 'n persoon of SAID vereis kan word **[of deur SAID uitgereik kan word]**;

*(b)* die tydperk van geldigheid van 'n **[belastingklaringsertifikaat]** bevestiging van belastingnakomingstatus van 'n belastingpligtige; of

*(c)* enige prosedure om die uitreik of intrekking van 'n **[belastingklaringsertifikaat]** bevestiging van belastingnakomingstatus van 'n belastingpligtige verder te reguleer.".

**Wysiging van artikel 270 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 86 van Wet 39 van 2013 and artikel 65 van Wet 44 van 2014**

**74.** (1) Artikel 270 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur na subartikel (6D) die volgende subartikels by te voeg:

"(6E) Tot die datum waarop die die hele Hoofstuk 12 en Bylae 1 by hierdie Wet in werking tree—

*(a)* moet die oploping en betaling van rente op 'n onderstellingsboete wat kragtens artikel 222 opgelê word, bereken word op die wyse waarop rente op addisionele belasting ingevolge die rentebepalings van die toepaslike Belastingwet bereken word; en

*(b)* word die effektiewe datum bedoel in artikel 187(3)*(f)* vir belasting wat voor 1 Oktober 2012 ondergestel is, beskou die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet te wees.

(6F) Vanaf die datum waarop die hele Hoofstuk 12 en Bylae 1 by hierdie Wet in werking tree, moet die oploping en betaling van rente op 'n onderstellingsboete wat kragtens artikel 222 opgelê word, bereken word op die wyse voorgeskryf deur Hoofstuk 12 ten opsigte van 'n onderstellingsboete wat na sodanige datum opgelê word.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Oktober 2012 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 30 van 2014, soos gewysig deur artikel 69 van Wet 44 van 2014**

**75.** Artikel 1 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "oorsprongbepaling" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'oorsprongbepaling'**, met betrekking tot goedere, 'n bepaling deur die doeanegesag ingevolge artikel **[154(1)]** 153(1) van die oorsprong van goedere;"; en

*(b)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "oorsprongherbepaling" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'oorsprongherbepaling'**, met betrekking tot goedere, 'n herbepaling deur die doeanegesag ingevolge artikel **[157]** 154(1)*(a)* of *(b)* van die oorsprong van goedere;".

**Wysiging van artikel 24 van Wet 30 van 2014**

**76.** Artikel 24 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* kan verleen word op aansoek deur—

(i) 'n bepaalde persoon, soos by reël voorgeskryf mag word, wat vir die betaling van reg op daardie goedere aanspreeklik is; **[of]**

(ii) die doeanemakelaar wat namens daardie persoon handel; of

(iii) a customs broker who intends to manage a deferment benefit for the payment of duty as contemplated in section 39(2)*(a)*; and''.

**Amendment of section 25 of Act 30 of 2014**

**77.** Section 25 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

> ''(1) The customs authority must—
>
> *(a)* withdraw a duty deferment benefit granted to a person if that person—
>
> **[*(a)*]** (i) acquired the benefit under false pretences;
>
> **[*(b)*]** (ii) is no longer engaged in the import or export of goods or related activities; or
>
> **[*(c)*]**(iii) is sequestrated or liquidated; or
>
> *(b)* if a person to whom a duty deferment benefit has been granted, failed to pay within three working days after payment became due any deferred duty or other tax or amount payable by that person to the Commissioner in terms of this Act, another tax levying Act or the Customs Control Act, suspend that deferment benefit pending payment of the amount payable.'';

*(b)* by the insertion of the following subsection after subsection (1):

> ''(1A) The suspension of a duty deferment benefit in terms of subsection (1)*(b)* is a ground for withdrawal of the benefit.'';

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

> ''*(a)* that person**[—**
>
> **(i)]** has in a material respect breached a condition applicable to the benefit in terms of section 24(2); or
>
> **[(ii) failed to pay within three working days after payment became due any deferred duty or other tax or amount payable by that person to the Commissioner in terms of this Act, another tax levying Act or the Customs Control Act; or]**'';

*(d)* by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

> ''If the customs authority intends to suspend or withdraw a deferment benefit in terms of subsection (1)*(a)* or (2), it must first—'';

*(e)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

> ''(6) *(a)* Despite subsection (5), the customs authority may in terms of subsection (2) suspend a deferment benefit with immediate effect if circumstances so demand, and in such a case the person to whom the deferment benefit was granted is entitled to submit to the customs authority representations on the suspension within three working days after the deferment benefit has been suspended, read with section 908 of the Customs Control Act.
>
> *(b)* A person's right in terms of paragraph *(a)* to submit representations also applies if a person's deferment benefit has been suspended in terms of subsection (1)*(b)*.
>
> *(c)* The customs authority must consider any representations in terms of paragraph *(a)* or *(b)* and either confirm or revoke the suspension.''; and

*(f)* by the substitution in subsection (7) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

> ''If the customs authority decides to suspend or withdraw a deferment benefit in terms of subsection (2) or (1)*(a)*, the customs authority must—''.

**Amendment of section 39 of Act 30 of 2014**

**78.** Section 39 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (2) of the word ''or'' at the end of paragraph *(b)*;

*(b)* by the substitution in subsection (2) for the full stop at the end of paragraph *(c)* of the expression ''; or''; and

(iii) 'n doeanemakelaar wat van voorneme is om 'n voordeel van uitstel vir die betaling van reg te bestuur soos beoog in artikel 39(2)*(a)*; en''.

**Wysiging van artikel 25 van Wet 30 van 2014**

**77.** Artikel 25 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die doeanegesag moet—

*(a)* 'n voordeel van uitstel van reg wat aan 'n persoon verleen is, intrek indien daardie persoon—

**[*(a)*]**(i) die voordeel onder valse voorwendsels verkry het;

**[*(b)*]**(ii) nie meer betrokke is by die invoer of uitvoer van goedere of verwante bedrywighede nie; of

**[*(c)*]**(iii) gesekwestreer of gelikwideer word; of

*(b)* indien 'n persoon aan wie 'n voordeel van uitstel van reg verleen is, versuim om enige uitgestelde reg of enige ander belasting of bedrag wat ingevolge hierdie Wet, 'n ander belastingheffings-Wet of die Wet op Doeanebeheer deur daardie persoon aan die Kommissaris betaalbaar is, te betaal binne drie werksdae nadat die bedrag betaalbaar geword het, daardie voordeel van uitstel opskort hangende betaling van die bedrag betaalbaar.'';

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

''(1A) Die opskorting van 'n voordeel van uitstel van reg ingevolge subartikel (1)*(b)* is 'n grond vir intrekking van die voordeel.'';

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* daardie persoon**[—**

**(i)]** 'n voorwaarde wat ingevolge artikel 24(2) op die voordeel van toepassing is, in 'n wesenlike opsig verbreek het; of

**[(ii) versuim het om enige uitgestelde reg of ander belasting of bedrag deur daardie persoon aan die Kommissaris betaalbaar ingevolge hierdie Wet, 'n ander belastingheffings-Wet of die Wet op Doeanebeheer, binne drie werksdae nadat betaling betaalbaar geword het, te betaal; of]**'';

*(d)* deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Indien die doeanegesag beoog om 'n uitstelvoordeel ingevolge subartikel (1)*(a)* of (2) op te skort of in te trek, moet die doeanegesag eers—'';

*(e)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

''(6) *(a)* Die doeanegesag kan ondanks subartikel (5) 'n uitstelvoordeel met onmiddellike effek ingevolge subartikel (2) opskort indien omstandighede dit vereis, maar in so 'n geval is die persoon aan wie die uitstelvoordeel verleen is, geregtig om vertoë aan die doeanegesag oor die opskorting te rig binne drie werksdae nadat die voordeel van uitstel opgeskort is, saamgelees met artikel 908 van die Wet op Doeanebeheer.

*(b)* 'n Persoon se reg om vertoë ingevolge paragraaf *(a)* te rig, is ook van toepassing indien 'n persoon se uitstelvoordeel ingevolge subartikel (1)*(b)* opgeskort is.

*(c)* Die doeanegesag moet enige vertoë ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* oorweeg en die opskorting bevestig of terugtrek.''; en

*(f)* deur in subartikel (7) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Indien die doeanegesag besluit om 'n uitstelvoordeel ingevolge subartikel (2) of (1)*(a)* op te skort of in te trek, moet die doeanegesag—''.

**Wysiging van artikel 39 van Wet 30 van 2014**

**78.** Artikel 39 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(b)* te skrap;

*(b)* deur in subartikel (2) die punt aan die einde van paragraaf *(c)* deur die uitdrukking ''; of'' te vervang; en

*(c)* the addition to subsection (2) of the following paragraph:
''*(d)* the customs broker is not in possession of a clearance instruction of the principal on whose behalf the declaration was submitted.''.

**Amendment of section 67 of Act 30 of 2014**

**79.** Section 67 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby substituted by the following section:

''**Application for refund and drawback**

**67.** The customs authority may, subject to section 72, refund a duty, administrative penalty or interest or grant a drawback of an import duty only on application by—
*(a)* the person who paid the duty, penalty or interest**[, or]**;
*(b)* that person's duly appointed representative; or
*(c)* any other person authorised by the Commissioner.''.

**Amendment of section 182 of Act 30 of 2014**

**80.** Section 182 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
''(2) **[Rules made in terms of subsection (1) may make applicable provisions of]** Chapter 28 of the Customs Control Act, with any modifications necessary for the enforcement or implementation of an international trade agreement **[for regulating]** as may be made by rule in terms of subsection (1), applies to the registration of persons referred to in that subsection.''.

**Amendment of section 185 of Act 30 of 2014**

**81.** Section 185 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
''(2) **[Rules made in terms of subsection (1) may make applicable provisions of]** Chapter 28 of the Customs Control Act, with any modifications necessary for the enforcement or implementation of a non-reciprocal generalised system of preferences, **[for regulating]** as may be made by rule in terms of subsection (1), applies to the registration of persons referred to in that subsection.''.

**Amendment of section 202 of Act 30 of 2014, as amended by section 72 of Act 44 of 2014**

**82.** Section 202 of the Customs Duty Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
''(3) The customs authority may, for a **[Category A breach referred to in the Table in]** non-prosecutable breach of this Act listed in terms of section 201**[(2)]**(1) consisting of a failure to submit to the customs authority full or accurate information other than information that may result in revenue prejudice, impose in terms of subsection (1) a fixed amount penalty for the breach only after it has issued a warning for the same or a similar type of breach to the person who committed the breach.''.

**Amendment of section 1 of Act 31 of 2014**

**83.** Section 1 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the definition of ''customs code'' of the following paragraph:
''*(a)* in terms of section **[612(1)*(c)*]** 612*(c)* to a registered person;''.

*(c)* deur in subartikel (2) die volgende paragraaf by te voeg:
"*(d)* die doeanemakelaar nie in besit is van 'n klaringsopdrag van die prinsipaal namens wie die klaringsbrief ingedien is nie.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 30 van 2014**

**79.** Artikel 67 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Aansoek om terugbetaling en teruggawe**

**67.** Die doeanegesag kan, behoudens artikel 72, 'n reg, administratiewe boete of rente terugbetaal, of 'n teruggawe van 'n invoerreg toestaan, slegs op aansoek deur—
*(a)* iemand wat die reg, boete of rente betaal het**[, of]**;
*(b)* daardie persoon se behoorlik aangestelde verteenwoordiger; of
*(c)* enige ander persoon deur die Kommissaris gemagtig.".

**Wysiging van artikel 182 van Wet 30 van 2014**

**80.** Artikel 182 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) **[Reëls ingevolge subartikel (1) uitgevaardig, kan ter regulering van die registrasie van persone in daardie subartikel bedoel bepalings van]** Hoofstuk 28 van die Wet op Doeanebeheer, met enige aanpassings wat vir die toepassing of uitvoering van 'n internasionale handelsooreenkoms nodig is, en wat by reël ingevolge subartikel (1) gemaak mag word, is van toepassing **[maak]** op die registrasie van persone in daardie subartikel bedoel.".

**Wysiging van artikel 185 van Wet 30 van 2014**

**81.** Artikel 185 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) **[Reëls ingevolge subartikel (1) uitgevaardig, kan ter regulering van die registrasie van persone in daardie subartikel bedoel bepalings van]** Hoofstuk 28 van die Wet op Doeanebeheer, met enige veranderings wat vir die toepassing of uitvoering van 'n internasionale handelsooreenkoms nodig is, en wat by reël ingevolge subartikel (1) gemaak mag word, is van toepassing **[maak]** op die registrasie van persone in daardie subartikel bedoel.".

**Wysiging van artikel 202 van Wet 30 van 2014, soos gewysig deur artikel 72 van Wet 44 van 2014**

**82.** Artikel 202 van die Wet op Doeanereg, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
"(3) Die doeanegesag kan, vir 'n **[Kategorie A breuk bedoel in die Tabel in]** nie-vervolgbare breuk van hierdie Wet gelys ingevolge artikel 201**[(2)]**(1) wat bestaan uit 'n versuim om volledige **[en]** of juiste inligting, uitgesonderd inligting wat inkomstebenadeling tot gevolg kan hê aan die doeanegesag voor te lê, 'n vastebedragboete ingevolge subartikel (1) vir die breuk oplê slegs nadat dit 'n waarskuwing vir dieselfde of 'n soortgelyke tipe breuk aan die persoon wat die breuk begaan het, uitgereik het.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 31 van 2014**

**83.** Artikel 1 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1) in die omskrywing van "doeanekode" paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* ingevolge artikel **[612(1)*(c)*]** 612*(c)* aan 'n geregistreerde persoon;".

**Amendment of section 21 of Act 31 of 2014**

**84.** Section 21 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended—

*(a)* by the renumbering of the existing provision as subsection (1) and the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"No SARS official, customs officer or person referred to in section 12(3)*(a)*, and no person who was such an official, officer or person, may disclose any information acquired by him or her in the exercise of powers or duties in terms of this Act, the Customs Duty Act or the Excise Duty Act concerning the confidential matters of SARS or the private or confidential matters of any person, except—"; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(2) For purposes of this section, information concerning the confidential matters of SARS means—

*(a)* any SARS internal policy document, internal guide or internal standard operating procedure document or memorandum; or

*(b)* an opinion, advice, report, recommendation or an account of a consultation, discussion or deliberation that has occurred, if—

(i) the information was given, obtained or prepared by or for SARS for the purpose of assisting to formulate a policy or take a decision in the exercise of a power or performance of a duty conferred or imposed by law; and

(ii) the disclosure of the information could reasonably be expected to frustrate the deliberative process in SARS or between SARS and other organs of state by—

*(aa)* inhibiting the candid communication of an opinion, advice, report or recommendation or conduct of a consultation, discussion or deliberation; or

*(bb)* frustrating the success of a policy or contemplated policy by the premature disclosure thereof;

*(c)* information about research being, or to be, carried out by or on behalf of SARS, the disclosure of which would be likely to prejudice the outcome of the research;

*(d)* information, the disclosure of which could reasonably be expected to prejudice the economic interests or financial welfare of the Republic or the ability of the government to manage the economy of the Republic effectively in the best interests of the Republic, including a contemplated change or decision to change a tax or a duty, levy, penalty, interest and similar moneys imposed under a tax levying Act;

*(e)* information supplied in confidence by or on behalf of another state or an international organisation to SARS;

*(f)* a computer program, as defined in section 1(1) of the Copyright Act, 1978 (Act No. 98 of 1978), owned by SARS;

*(g)* information relating to the security of SARS buildings, property, structures or systems; and

*(h)* information relating to the verification or audit selection procedure or method used by SARS, the disclosure of which could reasonably be expected to jeopardise the effectiveness thereof.".

**Amendment of section 49 of Act 31 of 2014**

**85.** Section 49 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* A carrier commits a Category 1 offence if goods in respect of which a warning has been issued in terms of paragraph *(a)*(i) **[is]** are on board the vessel when it enters the Republic.".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 31 van 2014**

**84.** Artikel 21 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig—

*(a)* deur die bestaande bepaling tot subartikel (1) te hernommer en die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Geen SAID beampte, doeanebeampte of persoon in artikel 12(3)*(a)* bedoel, en niemand wat so 'n beampte of persoon was nie, mag enige inligting rakende die vertroulike sake van SAID of die private of vertroulike sake van enige persoon deur hom of haar in die uitoefening van bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet, die Wet op Doeanereg of die Wet op Aksynsreg bekom, aan iemand anders bekend maak nie, behalwe—"; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken inligting rakende die vertroulike sake van SAID—

*(a)* enige SAID interne beleidsdokument, interne gids of interne standaard bedryfsprosedure dokument of memorandum; of

*(b)* 'n mening, advies, verslag, aanbeveling of rekord van 'n konsultasie, bespreking of beraadslaging wat plaasgevind het, indien—

(i) die inligting verskaf word, verkry of voorberei is deur of vir SAID met die doel om te help met die formulering van 'n beleid of om 'n besluit te neem in die uitoefening van 'n bevoegdheid of uitvoering van 'n plig regtens verleen of opgelê; en

(ii) redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking van die inligting die proses van beraadslaging in SAID of tussen SAID en ander staatsorgane sal verydel deur—

*(aa)* die openlike kommunikasie van 'n mening, advies, verslag of aanbeveling of hou van 'n konsultasie, bespreking of beraadslaging, te beperk; of

*(bb)* die sukses van 'n beleid of beoogde beleid te verydel deur die voortydige openbaarmaking daarvan;

*(c)* inligting aangaande navorsing wat uitgevoer word of uitgevoer gaan word deur of namens SAID, die openbaarmaking waarvan die uitkoms van die navorsing waarskynlik sal benadeel;

*(d)* inligting, die bekendmaking waarvan redelikerwys verwag kan word die ekonomiese belange of finansiële welstand van die Republiek of die vermoë van die regering sal benadeel om die ekonomie van die Republiek effektief in die beste belang van die Republiek te bestuur, ingesluit 'n beoogde verandering of besluit om 'n belasting of 'n reg, heffing, boete of rente en soortgelyke gelde gehef kragtens 'n belastingheffings-Wet te verander;

*(e)* inligting wat vertroulik deur of namens 'n ander staat of 'n internasionale organisasie aan SAID verskaf is;

*(f)* 'n rekenaarprogram, soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), in SAID se besit;

*(g)* inligting aangaande die sekuriteit van SAID se geboue, eiendom, strukture of stelsels; en

*(h)* inligting rakende die verifikasie- of ouditseleksieprosedure of -metode deur SAID gebruik, die blootlegging waarvan redelikerwys verwag kan word die effektiwiteit daarvan in gedrang te stel.".

**Wysiging van artikel 49 van Wet 31 van 2014**

**85.** Artikel 49 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur in die Engelse teks in subartikel (3) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* A carrier commits a Category 1 offence if goods in respect of which a warning has been issued in terms of paragraph *(a)*(i) **[is]** are on board the vessel when it enters the Republic.".

**Amendment of section 65 of Act 31 of 2014**

**86.** Section 65 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The on-board operator of a bus entering the Republic must, upon arrival at the land border-post where the bus enters the Republic, **[submit]** report to the customs authority at that border-post **[an]** the arrival **[report in respect]** of the bus and of all travellers and crew on board the bus, in a manner as may be prescribed by rule.".

**Amendment of section 67 of Act 31 of 2014**

**87.** Section 67 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The on-board operator of a bus leaving the Republic must, **[upon arrival]** at the land border-post where the bus will leave the Republic **[submit]** , report to the customs authority at that land border-post **[a]** the departure **[report in respect]** of the bus and of all travellers and crew on board the bus, in a manner as may be prescribed by rule.".

**Amendment of section 69 of Act 31 of 2014**

**88.** Section 69 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The on-board operator of a truck entering the Republic must, upon arrival at the land border-post where the truck enters the Republic **[submit]** , report to the customs authority at that land border-post, in a manner as may be prescribed by rule—

*(a)* **[an]** the arrival **[report in respect]** of the truck and crew; and

*(b)* **[a manifest of]** all cargo on board the truck.".

**Amendment of section 71 of Act 31 of 2014**

**89.** Section 71 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The on-board operator of a truck due to leave the Republic with cargo on board must, **[upon arrival]** at the land border-post where the truck will leave the Republic **[submit]**, report to the customs authority at that land border-post, in a manner as may be prescribed by rule—

*(a)* **[a]** the departure **[report in respect]** of the truck and crew; and

*(b)* **[a manifest of]** all cargo on board the truck.".

**Amendment of section 110 of Act 31 of 2014**

**90.** Section 110 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Imported goods may not remain under consecutive customs procedures for longer than three years from the date of **[import]** clearance for the first procedure or for longer than an extension of that period in terms of section 908.".

**Amendment of section 112 of Act 31 of 2014**

**91.** Section 112 of the Customs Control Act, 2014, is hereby amended by the substitution for the heading of the following heading:

"**Tax consequences for imported goods under customs procedures in event of non-compliance or other happenings**".

**Wysiging van artikel 65 van Wet 31 van 2014**

**86.** Artikel 65 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die aanboord operateur van 'n bus wat die Republiek binnekom, moet by aankoms by die land-grenspos waar die bus die Republiek binnekom, **['n aankomsverslag aan]** by die doeanegesag by daardie land-grenspos **[verstrek ten opsigte]** die aankoms van die bus en van alle reisigers en bemanning op die bus aanmeld op die wyse wat by reël voorgeskryf mag word.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 31 van 2014**

**87.** Artikel 67 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die aanboord operateur van 'n bus wat die Republiek verlaat, moet **[by aankoms]** by die land-grenspos waar die bus die Republiek gaan verlaat **['n vertreksverslag aan]** by die doeanegesag by daardie land-grenspos **[verstrek ten opsigte]** die vertrek van die bus en van alle reisigers en bemanning op die bus aanmeld op die wyse wat by reël voorgeskryf mag word.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 31 van 2014**

**88.** Artikel 69 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die aanboord operateur van 'n trok wat die Republiek binnekom, moet by aankoms by die land-grenspos waar die trok die Republiek binnekom **[aan]** by die doeanegesag by daardie land-grenspos op die wyse wat by reël voorgeskryf mag word—

*(a)* **['n aankomsverslag verstrek ten opsigte]** die aankoms van die trok en die bemanning aanmeld; en

*(b)* **['n manifes verstrek van]** alle vrag op daardie trok aanmeld.".

**Wysiging van artikel 71 van Wet 31 van 2014**

**89.** Artikel 71 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die aanboord operateur van 'n trok wat die Republiek met vrag aan boord verlaat, moet **[by aankoms]** by die land-grenspos waar die **[bus]** trok die Republiek gaan verlaat **[aan]** by die doeanegesag by daardie land-grenspos op die wyse wat by reël voorgeskryf mag word—

*(a)* **['n vertreksverslag verstrek ten opsigte]** die vertrek van die trok en bemanning aanmeld; en

*(b)* **['n manifes verstrek van]** alle vrag op die trok aanmeld.".

**Wysiging van artikel 110 van Wet 31 van 2014**

**90.** Artikel 110 van die Wet op Doeanebeheer, 2014, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

